Ges. 1: 2-4.     'n Ander Trooster.     L. / Patch 31 Mei 1957.
" 2: 4     Joh. 14: 13-20.
Ges. 147: 1, 2.

Joh. 14: 16 & 17 - En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees v.d. waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien nie en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

Jesus neem afskeid van sy dissipels. Vir die dissipels is dit 'n donker uur - vol van droefheid, en dan kom Jesus hulle die een ryke troos na d. ander bied: God is daar - glo in Hom; Christus is daar; die Vaderhuis is tuiskoms; Xtus sou weer kom; in d. gebed sou hulle kon vra net wat hulle verlang. En kan om dit alles te kroon - volg d. belofte van 'n ander Trooster - die Heilige Gees.

Hiermee („'n ander Trooster") het Jesus te kenne gegee dat Hyself die eerste Trooster is. Tot nou toe was Hy vir hulle die ware toevlugsoord, d. skuilplek in gevaar;

① Storm op see: Hy bestraf d. wind & meer & gebied die stilte

② Aanklag Fa's & Skrifg^s oor maansieke kind: Hy neem hulle in beskerming

③ Talle lewensvrae: Hy gee d. antwd.

Maar nou dat Hy weggaan beloof Hy 'n ander Trooster - wat nie net met hulle, langs hulle, maar in hulle sou woon. En a.d. koms v. hd. Trooster verbind Jesus vyf heerlike beloftes toe:

I Hy sou hulle in alle waarheid lei:

„Die Gees v.d. Waarheid"

a) Hoe swaar ontdek d. mens d. waarheid -

en dan ook nog net 'n klein deeltjie daarvan. Hoe swaar beoefen d. mens dd. waarheid -pas dit toe in eie lewe!

En nou kom Jesus v sê: Die Trooster sal julle in d. waarheid lei:

- die waarheid aang. God:
- " " " Xtus:
- " " " onsself:

Sal nie net 'n deel v.d. waarheid meer nie, nee. in alle waarheid lei!

b) Nog meer: HG sal ons waar maak – sal ons lief maak vir d. waarheid, sou d. sonde a.d. lig bring. Wfn d. Gees v. waarheid in ons kom dan kan ons dit nie meer uithou met d. leuen, d. skyn, ~~m~~ enige verborge sonde nie!

→ Die behoefte aan meer waarheid is d. brandste!

## II Die Trooster sal alle Eensaamheid Verdrywe:

„Ek sal julle nie as wese agterlaat nie"

a) Die eensaamheid v. hart v. duisendes: al woon hy in stad, omring deur mense, in kring v. familie: wfn dit nog nie Pinkster geword het in 'n mens se hart nie dan oorval d. eensaamhd jou. Maar wfn d. Gees v God in d. hart v.d. dissipel kom, dan verdwyn d. gevoel van eensaamheid!

Vb: ① Emmausgangers
② Thomas
③ Maria Magdalena.
④ ~~U eie lewe~~ Tien dissipels.
⑤ U eie lewe

## III Die Trooster sal die Opstandingslewe Skenk:

„Om by julle te bly tot in ewigheid" Die ware, egte oorwinningslewe, d. ewige lewe in al sy krag sou hulle deel word – d. lewe wat sterker sou wees as alle teenstand, wat alle vyandskap sou oorwen wat oor alle vervolging sou triomfeer.

→ Hoe wonderlik vervul! Kyk na lewes v.d. dissipels voor en na Pinkster. Voorheen: bang, weifelend, ens. – daarna: durf d. bitterste vyande aan, verskyn voor konings v keisers. oorwen oor marteling v dood!

→ Ons: wfn dit Pinkster in ons word, dan word ons vervul met 'n nuwe lewe

## IV Die Trooster sal 'n nuwe Gemeenskapsband Bewerk:

„In dié dag sal julle weet dat Ek in My Vader is, en julle in My, en Ek in julle"

– Dat Jesus en d. Vader een is, dit erken ons. Maar dat ons in Jesus dd. eenheidslewe kan hê – dis byna ongelooflik! Tog beleme — en d. dos S dit beleme: „Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my"!

Pinkster: Gemeenskap m. God v m. Xtus Jesus!

V. Die Trooster sal vir ons Xtus in sy heerlikheid meer en meer openbaar;

„En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar"

Net soos Christus se groot werk was om d. Vader te openbaar, so d. H.G. Christus openbaar! Eers by bekering as Verlosser
Dan " heiligmaking as Heraaman

A. Hoe? ① Oorgawe

② Eenmalige & herhaalde vulling

B → Ons Komende Pinkster: